Ek Lewe Nog!!

Ek wens ek kan die ondervinding beskryf. Imagine dit: Sondag oggend 5h25, en Charriots of Fire speel **oorverdowend** voor die Pietermaritzburg stadsaal. Jy staan tussen 16 000 mense wat so pas Shosoloza saam gesing het en reg is om die lang pad Durban toe aan te pak. Party staan en staar na die hemel, party staan en bid, ander is opgeruimd en lag terwyl hulle op en af spring. Party waai vir die TV kameras. Hier en daar vleg 'n ou nog sy veters vas of doen 'n paar strekke. Jy slaan hoendervleis uit want jy weet jy is bevoorreg - en jy is HIER!

Wel met 'n whopping 40 borge, julle mense, het ons R15 000 vir die Genesis trust ingesamel. So ek wil net vir ieder en elk dankie se vir jul ondersteuning. Ek sal deur die loop van die week/naweek vir almal 'n persoonlikke email ook stuur. Karen het so 'n paar foto collages gemaak wat ek aangeheg het. Ek het op 9h15 ingekom, Karen het 'n kick-ass 8h39 gedoen en Bruce Fordyce het ons almal gerol met 'n 7h55!

Vir diegene wat 'n bedrag ge"pledge" het, kan dit in die Genesis trust se bank rekening inbetaal (details onder). Dankie vir die wat reeds inbetaal het. Vir diegene wat volgende jaar self wil hardloop, reply maar net dan stuur ek vir jou 'n Comrades oefenprogram. "Its the ultimate human race. It will define you!".

Groete en dankbaar
Rassie